:—: Koers :—:

TWEEMAANDELIKSE TYDSKRIF

Deel X, No. 4. POTCHEFSTROOM. FEBRUARIE 1943.

# PROF. DR. H. G. STOKER.

Hoewel ons geagte medelid op die redaksie nog die skema vir hierdie uitgawe kon ontwerp, was dit hom nie gegee om sy deel te doen aan die finale afwerking nie. Ons wil dr. Stoker verseker dat sy internering 'n

View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)

kamp tot groot seën sal wees vir die medebroers in die „verdrukking," maar wil tog vuriglik hoop en bid dat hy spoedig weer sy groot werk vir sy inrigting en vir sy volk mag voortset. Ons betuig hiermee ons hartlike meegevoel in die sware beproewing wat die familie ondergaan het deur die afsterwe van mev. dr. O. Marais. Ons harte gaan ook uit na mev. Stoker en die kinders. Mag die hele familie in hierdie dae die krag van die geloof ondervind!

Met dankbaarheid kan ons verklaar dat prof. dr. G. Dekker homself gewillig verklaar het om prof. Stoker tydelik te vervang.

DIE REDAKSIE.